higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT POLISIËRINGSPRAKTYKE
NKR VLAK 2

(8011022)

12 Maart 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

NCNQ

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: As jy meer vrae as die vereiste aantal vrae beantwoord, word slegs die vereiste aantal vrae nagesien. Trek 'n duidelike streep deur alle werk wat jy NIE nagesien wil hê nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees AL die vrae aandagtig deur.
2. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A, B en C.
3. Beantwoord EEN vraag in AFDELING D.
4. Nommer die vrae korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie eksamenvraestel gebruik is.
5. Los 'n spasie oop en trek 'n streep dwarsoor die bladsy sodra jy elke vraag voltooi het.
6. Skryf netjies en leesbaar.

NCNW

AFDELING A

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 1

Verskeie moontlike opsies word gegee as antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Munisipale verordeninge sluit die volgende in:

A Patrollies vir teikengebiede
B Gesamentlike operasies
C Grondinval (‘land invasion’)
D Oortredings

1.2 'n Munisipale polisiediens word deur ... tot stand gebring.

A 'n enkele oorgangsraad
B die plaaslike owerheid
C die provinsiale owerheid
D 'n verkose regeringstruktuur

1.3 Die korrektiewe vorm van misdaadvoorkoming is ...

A misdaadstaking.
B wettoepassing.
C berading.
D straf.

1.4 Die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) se rol in die hantering van skares is om ...

A te keer dat skares uit die afgebakende plekke uitbeweeg.
B die skares te beheer.
C die skares te verhoed om 'n byeenkoms te vorm en te manipuleer.
D die skares te bestuur.

1.5 Die volgende oefening is 'n vorm van kragoefening:

A Roei
B Driekopspierknikoefeninge (‘triceps dips’)
C Bisepsstrekoefeninge
D Fietsry

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (2.1–2.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

aanklaer; generaal-majoor; stasiebevelvoerder; provinsiale kommissaris; minister; vise-admiraal; kolonel; generaal

2.1 Die ... skryf voor watter dele van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens op enige munisipale of metropolitaanse polisiediens van toepassing is.

2.2 Die ... is verantwoordelik daarvoor om plaaslike vennootskappe te inisieer.

2.3 Die ... besluit of die oortreder verhoor moet word.

2.4 Die ... maak deel van die SAPD se kommissarisraad uit.

2.5 'n ... in die weermag het dieselfde rang as 'n skout-admiraal in die vloot.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika bestaan uit 'n stel reëls wat voorskryf watter handelinge van die publiek as 'n misdaad beskou word.

3.2 Die Suid-Afrikaanse Polisiediens is die enigste wettige militêre mag in die Republiek van Suid-Afrika.

3.3 Die Durbanse metropolitaanse polisiediens maak van berede patrollies gebruik as deel van die dienste wat hulle aan die gemeenskap lewer.

3.4 Die Suid-Afrikaanse Polisiediens is 'n nasionale polisiediens, met elke polisie-amptenaar wat aan die Nasionale Kommissaris rapporteer, wat in Pretoria gebaseer is.

3.5 In die verlede was die tradisionele benadering tot misdaad deur ons polisiëringsagentskappe nie altyd gekoördineer nie.

3.6 Openbare opvoeding oor die voorkoming van misdaad is 'n korrektiewe vorm van misdaadvoorkoming.

3.7 Kernfunksies is daardie funksies wat hulp aan die kernverantwoordelikhede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens verleen.

3.8 Die militêrepolisie-afdeling maak deel van die Suid-Afrikaanse nasionale weermag uit en is onderworpe aan die rigting en leiding van die Sekretaris vir Verdediging as die rekenpligtige amptenaar van die Departement van Verdediging.

3.9 Die Suid-Afrikaanse Polisiediens het nege provinsiale bevelseenhede.

3.10 Die deelname aan liggaamlike aktiwiteite kan jou postuur verbeter.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Kies 'n woord uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (4.1–4.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B
4.1	Die wetenskap wat met die verwantskappe tussen medisyne en die reg (mediese reg) gemoeid is	A misdaadontleding
4.2	Iets wettigs aan 'n hof voorhou soos 'n verklaring of 'n getuie	B misdaadinligting
4.3	Om met misdaadinligting te werk deur dit in die onderdele daarvan op te breek	C misdaadondersoek
4.4	Die insameling van al die feite, die voorlegging van bewyse aan die aanklaer, en die versekering dat die oortreder in die hof teenwoordig sal wees	D forensiese ondersoeke
4.5	Die bestudering van inseklarwes in 'n liggaam om vas te stel wanneer 'n persoon dood is	E forensiese entomologie
		F misdaadvoorskrywing
		G bewyse
		H misdaadvermindering

(5 × 1) **[5]**

[25]

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 5

5.1 Verduidelik die verskille en ooreenkomste tussen die mandaat van die Suid-Afrikaanse Polisiediens en dié van die metropolitaanse polisiediens soos dit deur die Grondwet voorgeskryf word. (8)

5.2 Gee die missie van die militêrepolisie-afdeling. (4)

5.3 Verduidelik wat 'n organogram met betrekking tot polisiëringagentskappe behels. (3)

5.4 Noem TWEE proaktiewe dienste wat die munisipale strukture lewer. (2)

5.5 Voorsien DRIE kenmerke van fisieke welstand. (3)

5.6 Bespreek die belangrikheid van fiksheid in 'n gesonde lewenstyl. (5)

5.7 Verduidelik hoe jy jou lewe meer aktief kan maak deur na 'eenvoudige maniere om jou liggaam te laat beweeg' te verwys. (5)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 6

Lees die scenario hier onder en beantwoord AL die vrae.

Sara se man (Peter) slaan haar wanneer hy dronk is. Daarby neem hy elke maand al haar geld om alkohol vir homself te koop. Hy betaal nie die water-en-elektrisiteit-rekening nie. Die kinders het meestal nie kos om skool toe te neem nie. Op 'n dag kom Peter besope huis toe en begin om Sara te slaan totdat sy bewusteloos is. Peter los haar en die kinders alleen by die huis en gaan saam met sy vriende uit.

Sara se vriendin, Seta, kom by haar huis aan en tref haar op die kombuisvloer aan, met haar kinders langs haar. Seta help Sara deur haar na die polisiestasie daar naby te neem. Die sersant by die polisiestasie wys haar egter die deur. Hy sê dat Sara nie mag kla nie omdat sy getroud is. Sara vra hom dan om die telefoonnommer van die kantoor van Gesinsgeweld en Kinderbeskerming, maar hy weier om haar die inligting te gee. Hy sê weer dat sy nie 'n klagte teen haar man kan lê nie en skree dat sy moet huis toe gaan aangesien sy 'n prostituut is en dus moet terugkeer na waar sy vandaan kom. Sara en Seta verlaat die polisiestasie en is uiters ontnugter en ontevrede.

6.1 Bespreek die sersant se optrede in die lig van die toepaslike aspekte van die gedragskode vir wettoepassingsamptenare. (4)

6.2 Bespreek Sara se regte as slagoffer van 'n misdaad en dui aan of haar reg volgens die dienshandves vir misdaadslagoffers in Suid-Afrika beskerm is. (4)

6.3 Verduidelik of die sersant se optrede op korrupsie neerkom deur van die verskillende vorme van korrupsie in die Suid-Afrikaanse Polisiediens melding te maak. (4)

6.4 Bespreek hoe die sersant die beginsels van persoonlike etiek in hierdie scenario moes toepas. (3)

[15]

VRAAG 7

Lees die paragraaf hier onder en beantwoord AL die vrae.

Die 'misdaadvoorkomingsdriehoek' speel 'n belangrike rol in misdaadvoorkoming en hierdie drie faktore is die 'begeerte om die misdaad te pleeg', die 'vermoë om die misdaad te pleeg' en die 'geleentheid om die misdaad te pleeg'. Tydens die voorkoming van misdaad word tien beginsels toegepas en 'n gedeelte van die misdaadvoorkomingsmodel, naamlik 'tersiêre misdaadvoorkoming', word tegelykertyd bereik.

7.1 Verduidelik wat 'n persoon kan doen om die geleentheid om misdaad te pleeg, te verminder deur die beginsel van 'situasionele misdaadvermindering' toe te pas. (5)

7.2 Verduidelik aan die hand van voorbeelde wat met die beginsels van 'afwending van oortreders' en 'tersiêre misdaadvoorkoming' bedoel word. (5)

[10]

TOTAAL AFDELING C: 25

Kopiereg voorbehou

AFDELING D

Kies slegs EEN van die volgende vrae om te beantwoord.

VRAAG 8

Skryf 'n opstel oor die rol van die polisie in misdaadvoorkoming deur na die volgende te verwys:

A Wie is gewoonlik by misdaadvoorkoming betrokke?
B Die polisie se rol in misdaadvoorkoming
C Hoe kan die effektiwiteit van die polisie in misdaadvoorkoming gemeet word?
D Wat kan die polisie doen om 'n aktiewe rol in misdaadvoorkoming te speel? (20)

OF

VRAAG 9

9.1 Verduidelik die rol van misdadigheidstaktieke in misdaadondersoeke. (10)

9.2 Bespreek aan die hand van voorbeelde hoe misdaadintelligensie in die SAPD ingesamel word. (10)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

NCTV

Kopiereg voorbehou